RIGLYNE VIR DIE SKRYF VAN U MOTIVERINGS:

SELFVERDEDIGING:

1. Noem die area waar u woon, is of was daar enige misdaad in u omgewing soos huisbrake, diefstal uit motorvoertuie of geweldsmisdade.

2. Bly u alleen, is u bejaard en dalk nie meer liggaamlik gesond.

3. Was u al ‘n slagoffer van misdaad. Noem waar, wanneer en gee besonderhede van voorval.

4. Indien u op ‘n plaas woon, noem hoe vêr u van die naaste polisiestasie is, die naaste buurplaas en of daar al enige plaasaanvalle, inbrake ens in u area en/of op u plaas of buurplase was.

5. Sou u noem dat u die vuurwapen vir besigheid, hetsy u eie besigheid of u hoedanigheid as werknemer wees, moet ‘n visietekaartjie van u eie besigheid en dalk ‘n brief van ‘n vennoot wat u motivering bevestig, die aansoek vergesel. As u as werknemer die wapen tydens werk wil gebruik, moet ‘n brief van u werkgewer die aansoek vergesel.

6. Vir besigheid kan u noem dat u daagliks gelde gaan bank, of lone gaan trek.

7. Vang u vis of stap u gereëld wandelpaaie vir onstspanning, noem waar (pleknaam) en hoe gereëld en hoekom, bv vir ontspanning.

8. Indien u reis, of vakansie hou, vir familie gaan kuier, noem hoeveel keer per jaar, waarheen reis u (pad en pleknaam), hoekom reis u (Doel – Vir besigheid, vakansie, ens.) Ry u verby “rural settlements”, is daar selfoonontvangs. Die doel van u reis moet gemotiveer word, u kan selfs noem dat u dalk alleen reis, snags reis of vrees dat u voertuig onklaar kan raak of dat u voertuig gekaap kan word.

Hierdie is slegs riglyne en nie ‘n verpligting om dit so of in die volgorde te doen, maar dit is van die punte wat in u motivering moet wees ter stawing vir selfverdediging. U kan enigiets anders of meer punte byvoeg en selfs meer uitbrei.

Let asb daarop dat u motiverings moet op u keuse wat u voorop die aanhansel “A” uitgeoefen het (Bv. Selfverdediging, sportskiet, toegeweide jagter of geleentheidsjag) van toepassing wees en u mag slegs een (1) keuse uitoefen vir u kaliber vuurwapen en u motivering moet op daardie keuse van toepassing wees. U kan nie sportskiet keis en dan slegs vir selfverdediging motiveer nie.

Sou u sportskiet kies as die doel vir u vuurwapen, moet daar bewys by u aansoek wees dat u aan ‘n sportskietklub behoort.

Sou u toegeweide jag kies, moet daar bewys wees dat u aan ‘n jagtersvereniging behoort, bv ‘n sertifikaat van ‘n jagtersvereniging bv. CHASA.

Sou u nie die sportskiet of toegeweide jagter status bewyse hê, kan u nie vir die vuurwapen vir daardie doeleindes aansoek doen.

Geleentheidsjag – Mag u vir vier (4) wapens aansoek doen, waarvan drie (3) gewere mag wees en een (1) ‘n handwapen. Anders vir vier (4) gewere. Let asb net op u motivering vir elke kaliber en ‘n boerbrief of transport akte.

Toegeweide jagter – Geen beperking op hoeveelheid vuurwapens, maar bewys van u toegeweide jagter status en/of CHASA sertifikaat moet u motivering/aansoek vergesel.

2/….

Sportskiet – Bewys van sportskietklub.

Handwapenaansoeke mag vir slegs twee (2) wapens wees, waarvan een (1) vir selfverdediging is en een (1) vir sportskiet met bewyse daarvan.

JAG:

Vir elke kaliber vuurwapen moet daar ‘n ander doel/rede en/of spesie (jagdoeleinde) wees wat geskiet word.

Indien u twee (2) wapens vir een of dieselfde doel, bv wild skiet gebruik, moet u soos volg motiveer – Die een kaliber is meer akkuraat en noem hoekom en die ander is vir nader skiet en noem hoekom.

Noem hoeveel keer per jaar u skiet, waar u gaan skiet, wat u skiet. Motiveer die spesies wat u jag volledig en noem hoekom u dit skiet, bv vir eie gebruik of dat dit skade aanrig en noem watter skade gedoen word.

As u op u eie plaas jag/skiet, moet die 1ste twee bladsye van u transportakte u aansoek vergesel. As u op iemand anders se plaas jag, moet daar briewe van die boer wees wat u aansoek/motivering vergesel.

Indien u foto’s het, voeg asb by u aansoek.

HIERDIE IS SLEGS RIGLYNE.